# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (36/10)*

*Justin Chadwick (17 September 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "***The most dangerous strategy is to jump a chasm in two leaps" Benjamin Disraeli***

## "HIGH CUBE" PALETTE

Met die toename in gebruik van houers wat konvensionele verskepings vervang, is daar 'n verhoging in die gebruik van "high cube" palette. Die kostebesparings is voor die hand liggend omdat meer kartonne in 'n houer verskeep kan word, en sodoende word die verskepingskostes per karton verminder. Wat nog nie geanaliseer is nie, is die addisionele kostes wat met die omskakeling geassosieer word – kartonsterkte, paletsamestelling en hanteringsisteme ens. is alles vir standaard palette ontwikkel. Deur die byvoeging van lae bo-op die palet beteken dit dat daar nou meer gewig op die onderste lae is waarvoor hul nie ontwerp is nie. Die aanbeveling is om die onderste twee lae te versterk – maar hoeveel pakhuise doen dit? Die vervoerkontrakteurs moes ook hul laaiproses herontwerp om aan die maksimum asbelasting te voldoen – dit lei tot onstabiele vragte, ineenstorting van palette, ens. Baie van die fasiliteite in die hawe is ook nie vir "high cubes" ontwerp nie – as gevolg hiervan word "high cubes" afgebreek en weer opgebou – benodig addisionele arbeid.

Die CGA het die dienste van Koos Bouwer bekom om die probleme rakende die stapeling van "high cube pallets" by die pakhuis te analiseer wat vervoer en in houers by die hawens gepak gaan word. Mitchell Brooke en Koos Bouwer het 'n week in Durban se hawe gespandeer, asook tyd in Hoedspruit en Letsitele om inligitng te versamel en onderhoude te voer. Hulle het hul bevindinge in 'n navorsingsverslag saamgestel wat op die CGA se webtuiste geplaas is en by die volgende skakel afgelaai kan word of alternatiewelik kan dit op die CGA Logistieke webtuiste gevind word: http://www.cga.co.za/pages/33227. Hul gevolgtrekking is dat daar 'n behoefte is aan beter verpakking, paletisering en vervoerpraktyke tydens die stapeling van "High Cube Pallets" as dit na die hawens gestuur gaan word.

## DAFF SE GEÏNTEGREERDE GROEI EN ONTWIKKELINGSPLAN 2011 -2031

Tydens die afgelope twee dae het DAFF met 'n prosees begin om hul plan vir die volgende twintig jaar te "workshop". Alhoewel ek dit nie in detail bestudeer het nie, het 'n vinnige deurlees onthul dat dit in lyn met die sektorplan vir landbou is en dat dit 'n weldeurdagte en goed saamgestelde plan is. Die bekommernis is nie omtrent die plan nie – die bekommernis (soos met baie weldeurdagte regeringsplanne en beleide) is die bevoegdheid en die wil om die plan te implementeer. Dit is belangrik dat die regering en die privaatsektor saam moet werk om hierdie plan te laat werk.

Die dokument noem 'n studie wat deur die Landbou Sakekamer uitgevoer is en wat die faktore identifiseer wat kompeterendheid van landboubesighede in 2004 en 2008 belemmer het. In beide van die opnames was die drie belangrikste beperkinge dieselfde – koste van misdaad, vertroue in die politieke sisteme en bevoedgheid van die personeel in die openbare sektor. Ek is seker daarvan dat meeste sitrusprodusente ook sal erken dat hierdie faktore hul besighede ernstig raak. Wat kommerwekkend omtrent hierdie drie faktore is, is dat hul waarskynlik nie in die top vyftien faktore sal verskyn sou so 'n opname deur ons belangrikste kompitisie uitgevoer word nie (Australië, Uruguay, Chile, Peru, Argentinië en Brasilië); dit is 'n nadeel vir Suid-Afrika. Dat hierdie faktore aangespreek en reggestel kan word is sonder twyfel – kom ons hoop dat hul nie steeds in die top drie sal wees wanneer die volgende opname in 2012 uitgevoer gaan word nie.

Die ander faktore in die top tien beperkende faktore in 2008 was elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika, beskikbaarheid van opgeleide arbeid, koste van vervoer, koste van finansiering, vigs, Suid-Afrika se arbeidsbeleid en koste van gehalte tegnologe – weereens is meeste hiervan uniek aan Suid-Afrika.

## GEPAK EN VERSKEEP

Hierdie jaar sal vir die uitstekende lemoen-oes onthou word – beide gehalte en hoeveelheid. Alhoewel dit 'n bietjie wankelrig begin het met laat reëns en die staking wat 'n invloed op die gehalte en rakleeftyd gehad het, is die einde goed met goeie uitvoer- uitpakke van Valencias en redelik tot goeie pryse in die meeste markte (as dit nie vir die sterk rand was nie, sou produsente meer as gelukkig met hul verdienstes gewees het). Hierdie jaar se uitvoere moet met 2008 se uitvoere vergelyk word (omdat 2009 se volumes laag was) – by nawels het noord en suid-Europa en die VK rofweg dieselfde volumes as in 2008 en 2010 ingevoer; dit is Rusland wat aansienlik toegeneem het vanaf 0.7 m kartonne in 2008 tot 2 m in 2010. By valencias, jaar tot op datum, het suid en noord-Europa en die VK eintlik minder vrugte as in vergelyking met 2008 geneem (amper 4.5 m kartonne minder). In 2008 is slegs 2.6 m valencias na die Midde-Ooste teen week 36 verskeep; in vergelyking met 4.2 m in 2010 (interessant is tydens die lae volume 2009 seisoen is 5.2 m kartonne na die Midde-Ooste, jaar tot op datum, gestuur).

| Tot Week 36 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo's | 12.8 m | 13.9 m | 12.4 m | 13.3 m | 10.9 m | 12.6 m | 12.4 m | 14.2 m | 13.7 m |
| Sagte Sitrus | 7.3 m | 6.7 m | 7.5 m | 5.8 m | 6.3 m | 7.5 m | 7.9 m | 6.8 m | 6 m |
| Suurlemoene | 9.3 m | 8.2 m | 9.4 m | 7.1 m | 7.2 m | 9 m | 9.6 m | 8.7 m | 7.7 m |
| Nawels | 21.5 m | 19.4 m | 22.2 m | 18.8 m | 21.7 m | 21.4 m | 22.3 m | 19.4 m | 19.1 m |
| Valencias | 34 m | 31.7 m | 38.9 m | 21.1 m | 23.2 m | 41.3 m | 41.8 m | 38.5 m | 35.3 m |
| Totaal | 84.9 m | 79.9 m | 90.4 m | 66.1 m | 69.3 m | 91.8 m | 94 m | 87.6 m | 81.8 m |